# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare* ***koninkryk*** *ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 3** **- *Vir die Koninkryk* -** **7 Mei 2009 AD**


## INHOUDSOPGAWE


- *Idees het konsekwensies: Politieke korrektheid* (1), Calvin Kalsbeek
- *Politieke Korrektheid, Tony Blair, Gays en die GKSA*, Slabbert Le Cornu


**Oorsig**

*In die eerste artikel word verduidelik wat 'politieke korrektheid' is, waar dit vandaan kom, en hoe dit deurgewerk het in die westerse wêreld. In die tweede artikel is my eie waarnemings van hoe die vrou in die besondere ampte asook die gay-agenda deel is van hierdie 'politieke korrektheid' strategie, ongeag of almal wat dit bevorder, daarvan bewus is of nie. - SLC*

## IDEES HET KONSEKWENSIES: POLITIEKE KORREKTHEID (1)[1]

*Calvin Kalsbeek*[2]

> *"...en van die seuns van Issaskar, met kundige insig wat die tye betref, om te weet wat Israel moes doen; hulle hoofde was tweehonderd, en al hulle broers onder hulle bevel ..."* (1 Kronieke 12: 32)

Die idees van Lukacs, Gramsci, Adorno en Marcuse het die Westerse beskawing gedurende die twintigste en een-en-twintigste eeu deurdrenk. En tog het net 'n kleine fraksie van diegene uit wie die volkere met hul wortels in die Westerse beskawing bestaan, van enkele van hierdie persone nog gehoor.

En die konsekwensies van hul idees was beslis nie ten goede nie! Trouens, die idees van hierdie manne het die uitwerking gehad dat, "[i]n die bestek van 'n halwe menseleeftyd baie Amerikaners beleef het dat hul God onttroon word, hul helde onteer, hul kultuur besoedel, hul waardes op die allerfelste maniere aangeval, hul land ingeval, en hulle self gedemoniseer/as't ware tot duiwels verklaar word, as synde bekrompe, waar hulle vashou aan opvattings wat Amerikaners geslagte lank as hul oortuiging beskou het."[3]

Vandag word 'n konsekwensie/uitvloeisel van hul idees algemeen die etiket omgehang van "politieke korrektheid". Die bedoeling van hierdie artikel en die daaropvolgende is om politieke korrektheid te ondersoek: wat dit is, waar dit vandaan kom, hoe dit bevorder word, die ernstige konsekwensies/gevolge, en waarom die Issaskar van ons tyd bekommerd behoort te wees.

### Wat is politieke korrektheid?

Dit is nie maklik definieerbaar nie. Volgens *Wikipedia*:

> *Polititieke korrektheid is 'n term wat betrekking het op taal, idees, beleid of gedrag wat daarop gemik is om so min as moontlik aanstoot te gee ten opsigte van geslag, ras, kulturele, gestremde, bejaarde, of ander identiteitsgroepe. In die omgangstaal word die term "politieke inkorrektheid"*

---

[1] Met toestemming vertaal uit *The Standard Bearer*, volume 85, Issue 11 (1 Maart 2009). Verkrygbaar by: www.rfpa.org

[2] Calvin Kalsbeek gee onderwys aan die *Covenant Christian High School* en is 'n ouderling in die *Hope Protestant Reformed Church*, Grand Rapids, Michigan.

[3] Patrick J. Buchanan, *The Death of the West* (St. Martin's Press, 175 Fifth Avenue, New York, New York, 2002) 5.

*gebruik om te verwys na taal of idees wat aanstoot mag gee, of onbevange/ongebreideld gebruik word in ortodokse verband.*[4]

Soos uit die definisie blyk, word sekere sleutelterme op tafel geplaas wanneer politieke korrektheid ter sprake kom - terme wat op sigself heeltemal onskuldig en onskadelik lyk, maar wat nietemin gelaai is met betekenis wanneer dit in verband gebring word met hul politiek korrekte ideologie. Brannon S Howse het ten opsigte van vier van die terme en die idees waarvoor hul staan, gedefinieer vanuit die oogpunt van politieke korrektheid, soos volg geskryf:

> *Verdraagsaamheid beteken dat 'n persoon nooit 'n oordeel/opinie uitspreek oor iemand anders se idees, opvattings en waardes vanuit 'n wêreldbeskouing van absolute waarheid nie. Verdraagsaamheid eis dat jy nie net die ander wêreldbeskouing aanvaar/erken nie, maar dat jy ook hul wêreldbeskouing in ag neem - tensy, natuurlik, dié beskouing Bybelse Christelikheid is. Verdraagsaamheid is uiters onverdraagsaam teenoor Bybelsgesinde Christene.*
>
> *Diversiteits- of sensitiwiteitsopleiding beteken normalisering van 'n homoseksuele leefwyse.*
>
> *Multikulturaliteit is nie die studie van van verskillende kulture nie, maar korrektheidskritiek van die Westerse kultuur in sy basiese wêreldbeskouing van die Christendom. Multikulturaliteit is ook daarop gerig om patriotisme uit te wis.*
>
> *Feminisme gaan nie bloot oor gelyke regte vir vroue nie, maar oor die vernietiging van 'n patriargale samelewing ten gunste van 'n matriargale. Die bedoeling van feminisme is met ander woorde vernietiging van die gesinstruktuur deur die eggenoot en pa as die voorsiener, beskermer en beginselvaste leier van sy huis.*[5]

Die gevolg is dat, in ooreenstemming met die leerstellings van politieke korrektheid, wie beweer dat regstellende aksie onregverdig is, die etiket van "rassis" om die nek gehang word. Om te sê dat homoseksualiteit 'n afwyking is (soos voor 1973 gesê is deur die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging), word beskou as "homofobie". Sê jy dat vroue nie in militêre gevegsposisies geplaas behoort te word nie, is jy "seksisties". Of dat jou kultuur van hoër orde is as ander s'n, word uitgemaak as "xenofobies". Dat Jesus Christus die enigste weg tot saligheid is, word bestempel as "bekrompenheid, verkramptheid, dwepery". Om te sê dat radikale jihadiste steun vir hul optrede uit die Koran kry, is dan sogenaamd "Islamofobie". En so aan... Feit is dat, deur hierdie taktiek van etikettering, diegene wat politieke korrektheid propageer juis meningsvolle gespreksmoontlikheid oor hul idees fnuik.

## Waar kom dit vandaan?

Anders as die konvensionele opvatting, kan die wortels van politieke korrektheid gevind word reeds lank voor die era van die hippies en die vredesbeweging van die Amerikaanse studente-opstand gedurende die 1960's. Die fassinerende geskiedenis van politieke korrektheid kan eerder teruggevoer word na die tyd van die Eerste Wêreldoorlog. 'n Ietwat vollediger studie van dié geskiedenis kan die moeite werd wees, aangesien dit 'n aanduiding kan gee van waarom politieke korrektheid soms bestempel word as "kulturele Marxisme".

Karl Marx, Friedrich Engels, en hul dissipels, het met sekerheid voorspel dat, sodra daar oorlog uitbreek in Europa, die werkers (proletariaat) van die nasies in opstand sou kom teen die heersers (bourgeois), eerder as om teen hul eweknieë te veg. Dit het natuurlik toe nie gebeur nie, tot hul misnoeë.

---

[4] http://en.wikipedia.org/wiki/Political_correctnesscriticism

[5] Brannon S. Howse, "Political Correctness is Cultural Marxism," *Worldview Weekend Digest*, Summer/Fall, 2008:16.

*Toe die oproep kom, het die werkers, van wie Marx beweer het dat hulle geen vaderland het nie, hul geïdentifiseer met hul land, nie met hul klas nie. Die werker het uitgedraai as een van die nasionale familie, soos al die ander. Die krag van sy antagonisme, wat veronderstel was om kapitalisme omver te werp, het 'n beter teiken gevind in die vreemdeling. Soos die middelklas, soos die top-klas, soos die spesie, het die werkersklas gewilliglik, eerder gretiglik, die oorlog binnegegaan.*[6]

Was Marx dan verkeerd ?

Twee van Marx se dissipels, Georg Lukacs en Antonio Gramsci, het tot die konklusie gekom dat dit inderdaad so was! Hulle het gesien dat die werkers nie deur die kapitalisme verarm is nie, soos Marx gereken het sou gebeur, ook dat hulle nie in opstand gekom het nie. Die rede hiervoor sou dan wees dat hulle verblind is ten opsigte van hul ware klassebelange deur tweeduisend jaar van indoktrinasie deur die Christendom. Dus moes die Christendom en die Westerse kultuur totaal uitgewis word uit die siel van die Westerling. Eers dan sou Marxisme tot sy volle reg kon kom, soos Marx dit bedoel het.

Lukacs, wat Adjunkkommissaris van Kultuur in Hongarye was, het dus nou sy "demoniese" idees, soos hy dit self genoem het, in werking gestel in wat bekend sou staan as "kulturele terrorisme". Onder andere het sy program behels die invoer van 'n radikale seksonderrigleerplan in die Hongaarse skole, waar die kinders "onderrig is in vrye liefde, seks, die argaïese karakter van middelklas gesinskodes, dat monogamie uitgedien is, dat godsdiens irrelevant is en die mens van alle vreugde ontneem. Vroue is opgeroep om te rebelleer teen die geslagskodes van die tyd".[7]

Hiermee was Lukacs natuurlik daarop uit om die gesinstruktuur as sodanig af te breek - wat, so het hy geglo, die kerninstelling van die Christendom en die Westerse kultuur was.

Gramsci, 'n Italiaanse Kommunis, was natuurlik nie welkom in sy vaderland onder Mussolini se Fascistiese regering nie, en het in 1922 na Rusland uitgewyk, net om te ontdek dat Kommunisme ook daar nie gewerk het nie. Hy het ervaar dat die Russiese volk 'n weersin daarin gehad het en dat hulle slegs deur terreur aan bande gehou is. Soos Lukacs, het Gramsci beweer dat die Russiese volk deur hul Christelike oortuigings daarvan weerhou is om hulle in die Kommunistiese rewolusie te werp. 'n Regime wat gegrond is in Judees-Christelike geloofswaardes sou nie omvergewerp kon word voordat hierdie waardes uitgeroei is nie.

As die Christendom dan die skild vir die kapitalisme was, moes Marxiste dus allereers die Weste ont-Christianiseer.[8] Ontnugterd keer Gramsci terug na Italië om die Italiaanse Kommunisteparty te lei. Hy sou egter etlike jare in die tronk deurbring, en is kort na sy vrylating in 1937 oorlede. Wat egter belangrik was, was die notas/boeke wat hy in die gevangenis geskryf het, waarin hy sy planne uiteengesit het vir 'n geslaagde Marxistiese rewolusie in die Westerse wêreld:

*Gramski se uitgangspunt was dat die Marxiste eers 'n ommekeer in die Westerse kultuur teweeg moes bring, waarna die gesag outomaties sou volg, eerder as om eers die gesag met geweld te gryp en 'n kulturele rewolusie van bo af te forseer. Maar, die kulturele ommekeer sou "'n lang opmars deur die instellings" verg - die kunste, films, teater, skole, kolleges, seminaries, koerante en tydskrifte, en die nuwe elektroniese medium, die radio. Een na die ander moes elkeen hiervan verower word en omskep word en verpolitiseer word tot 'n agent van die rewolusie. Dan kon die volk geleidelik opgevoed word tot die verstaan en selfs uiteindelike omarming van rewolusie.*[9]

---

[6] Barbara Tuchman*, The Proud Tower: A Portrait of the World Before the War: 1890-1914* (Ballantine Books, New York, New York, 1993), 462.
[7] Buchanan, 75.
[8] Gerald L. Atkinson, "*What Is the Frankfurt School?*" August 1, 1999, p. 2.
http://www.newtotalitarians.com/FrankfurtSchool.html.
[9] Buchanan, 77.

Gramski het sy volgelinge aangemoedig om die plan te implementeer waar, hoe en wanneer hulle ook al kon. En dát hulle dit gedoen het, het skrywer van hierdie artikel etlike jare gelede eerstehands ervaar met die lees van die boek "The Greening of America" van Charles Reich vir 'n kollegetaak. Die boek was 'n blitsverkoper met sy publikasie in 1970, en in die flapteks eggo Reich Gramsci se bloudruk vir die toekoms:

> *'n Rewolusie is op hande. Dit sal egter nie wees soos die rewolusies waarvan ons leer in Geskiedenis nie. Inteendeel. Dit sal begin by die individu en die kultuur, en die heel laaste sal dit die politieke struktuur verander. Hierdie rewolusie verg geen geweld om te kan slaag nie; trouens, dit kan ook nie beveg word met geweld nie. Dit is alreeds besig om teen 'n verstommende spoed voort te snel, en in sy voetspore is ons wette, ons instellings en ons maatskaplike struktuur reeds besig om 'n ommekeer te toon... Dit is die rewolusie van die nuwe geslag.*[10]

Dit is duidelik dat die idees van Lukacs en Gramski vinnig veld wen in die Westerse wêreld. Die vraag kom by 'n mens op: Hoe het dit Amerika bereik?

Die antwoord lê by die sg Frankfurter Schule. In 1923 het Lukacs en ander lede van die Duitse Kommunisteparty 'n instituut vir Marxisme opgerig by die Frankfurtse Universiteit, genoem die Instituut vir Maatskaplike Navorsing.

Op 'n later stadium is die naam verander na die Frankfurter Schule, waar die moeisame taak uitgevoer is om (die teorie van) Marxisme om te sit in die kulturele terme van Lukacs en Gramsci. Die werk is egter onderbreek in 1933 met die begin van die Hitlerbewind in Duitsland. Die leidende figure aan die Frankfurter Schule was Jode en Marxiste - nie populêr in die nuwe staatsbestel nie. By die Columbia University in New York City het hulle 'n nuwe tuiste gevind, en al gou het hulle "hul talente en energie in 'n nuwe rigting gestuur, naamlik om die kultuur van die land wat aan hulle toevlug gebied het, te ondermyn".[11]

'n Sleutel tot welslae in die ondermyning van die kultuur van hul aangenome land was die sg Kritiese Teorie. Die naam mag wel neutraal en onskadelik klink, maar die intensies is dit allermins. 'n Definisie van die Kritiese Teorie deur een van die aanhangers daarvan, lui soos volg:

> *[Dit is] "wesenlike destruktiewe kritiek van al die belangrikste elemente van die Westerse kultuur, insluitende die Christendom, kapitalisme, gesag, die gesin, patriargie, moraliteit, tradisie, die afkeur van vrye seks, lojaliteit, patriotisme, nasionalisme, die erflikheidsleer(? - HS), etnosentrisme, konvensie, en konserwatisme."* [12]

"Kritiese Teorie", toegepas in die praktyk, kom neer op die gedurige herhaling deur die kulturele Marxiste van hoe die Weste skuldig is aan (volks)moord van elke kultuur. Oor en oor maak hulle jou wys dat Westerse gemeenskappe rassisties, seksisties, homofobies, fascisties, ensovoorts, is. Oor en oor word 'n geestesinstelling van pessimisme, hopeloosheid en wanhoop in die Westerse gemeenskap aangemoedig. Die idee onderliggend aan die teorie is dat, deur die aanhoudende gehamer op die kritiek, die volk (die ontvanklike gehoor in die openbare of staatskole, kolleges en universiteite in die besonder) gekondisioneer sal word om die samelewing en die land as onderdrukkend, boos, en sy lojaliteit en liefde onwaardig, te beskou.

Die Kritiese Teorie is verder bevorder deur die Marxis Theodor Adorno in sy boek "The Authoritarian Personality" wat in 1950 verskyn het. Dié boek sou 'n handleiding word vir 'n nasionale veldtog teen vooroordeel of diskriminasie van watter aard ookal, met die argument dat, as die euwels nie uitgeroei word nie, 'n tweede *Holocaust* sou plaasvind op die Amerikaanse vasteland. Op sy beurt het die veldtog die

---

[10] Charles A. Reich, *The Greening of America* (Bantam Books, New York, New York, 1971) 2.
[11] Buchanan, 80.
[12] Michael Lowy, Georg Lukacs: *From Romanticism to Bolshevism* (London: NLB, 1979), p.112

grondslag geword vir wat vandag bekend staan as "politieke korrektheid". Ook sou die boek die konsep van "kulturele determinisme" bevorder.

Volgens Adorno se denke sou dit dus byvoorbeeld daarop neerkom dat, waar 'n gesin diep Christelik is, kapitalisties, en deur 'n outoritêre vaderfiguur beheer word, 'n mens kan verwag dat die kinders as rassiste en fasciste sal opgroei. Dit is baie duidelik waarheen hierdie gedagterigting voer: dat dit wat voorheen bloot as oudmodies beskou is, nou 'n sielkundige afwyking geword het, wat behandel moet word. Die "geheime formule", soos beskryf deur die sielkundige Thomas Szasz, is "As jy dit wat 'n persoon doen, wil afkraak, ... bestempel hom as geestesversteurd".

Met die Frankfurtse Skool se idees van kulturele Marxisme gevestig, was daar nog net 'n "nuwe" proletariaat nodig om die oue te vervang. U sal onthou dat Marx se proletariaat nie gerealiseer het nie; die werkersklas het nié voldoen aan sy verwagtinge van 'n rewolusie nie. Nou verskyn die volgende op die toneel: Herbert Marcuse ! Marcuse sou die antwoord verskaf op die vraag:

"Wie gaan die rol van die proletariaat vervul in die komende kulturele rewolusie?"

Sy kandidate vir díe belangrike taak sou insluit die radikale jeug, swart militante, homoseksuele, vervreemdes, die asosiales, en Derdewêreldse rewolusionêres - met ander woorde al die "vervolgde slagoffers" van die Westerse wêreld.[13]

Marcuse sou nie alleen die mannekrag(persone-krag?) voorsien vir die rewolusie wat die Westerse kultuur sou omverwerp nie, maar ook die strydkreet. Teen die agtergrond van die oorlog in Vietnam wat al hoe meer teenstand gekry het, het sy strydkreet presies dit wat die kulturele rewolusie voorgestaan het, omvat: "Make love, not war!"

*(Word vervolg in 'n opkomende uitgawe)*

## POLITIEKE KORREKTHEID, TONY BLAIR, GAYS EN DIE GKSA

*Slabbert Le Cornu*

In *Die Beeld* van 08-04-2009, onder die opskrif "*Dink weer oor gays, sê Tony Blair aan pous* ", is 'n goeie voorbeeld van hoe die 'politieke korrektheid'-ideologie funksioneer in ons tyd. Sien volledige artikel hier: http://jv.news24.com/Beeld/Wereld/0,,3-71_2498917,00.html

**Tony Blair**

Tony Blair, niemand minder as die eerste minister van Groot Brittanje, word lidmaat van die 'patriargale' soms eties-konserwatiewe Rooms Katolieke Kerk (2007).

En, noudat die trojaanse perd as't ware ingelaat is, begin hy lastige vrae vra:

*Moet Rome nie maar hul standpunt oor gays herdink nie ?*

Nou sit Rome met 'n dilemma: hul kan nie sommer net die "first man" van Brittanje vasvat nie, hy is immers die eerste minister. Die konserwatiewe roomse lidmaat wat nogsteeds wal gooi teen die liberale stroom in die Roomse kerk, begin ook nou seker te wonder: *dalk* het Blair 'n punt beet ...

Luister na die debat tussen 'n gereformeerde predikant van Noord-Ierland, en 'n godsdienstige feminis, Christina Rees (vermoedelik van die Anglikaanse kerk), waarin laasgenoemde openlik sê dat die feministiese

[13] Buchanan, 85.

agenda (met homoseksualisme as deel daarvan) in die Roomse kerk reeds vêr gevorder is, om onder andere vroue as priesters te bevestig (sien: http://www.cprf.co.uk/churchofficeresources.htm )

Wat veral insiggewend is, is *hoe* Blair sê Rome haar standpunt moet verander ?

Die artikel in Beeld stel dit as volg:

> *"Blair, wat self in 2007 'n Katoliek geword het, het ander godsdienslui ook aangemoedig om hul heilige tekste te hervertolk en dit as metafories pleks van letterlik te beskou. Hy het ook verwys na 'n 'stille rewolusie in denkrigtings' en daarop gesinspeel dat die pous uit pas is met die kerkgaande publiek."*

Ja, tekste wat voorheen geleer het gays is verkeerd, moet nou 'hervertok' word om te leer dit is reg en aanvaarbaar vandag.

En, dan is daar natuurlik die 'polities-korrekte' dreigement van "julle pas nie meer in" by die (post)moderne 'kerkgaande publiek nie", d.w.s. geen meer teokrasie nie, maar demokrasie moet die kerke regeer.

**Van vroue in die ampte tot homoseksualisme**

Hierdie tendense waarvan ons elke dag al meer in die media hoor, ook ons eie land, het egter dekades gelede al begin, in die Anglikaanse kerk, toe tekste wat geleer het vrouens mag nie in die besondere ampte dien nie, ook 'hervertolk' moes word om aan te pas by die res van die 'kerkgaande publiek' (lees: by die wêreld, Mnr. Cosmos).

En, as u geskok is oor Blair se voortvarenheid, moenie wees nie. Ons SA (susters)kerke se 'kerkgaande publiek' is op presies dieselfde paadjie, dalk net bietjie stadiger.

Die Hervormde Kerk en die NG Kerk het reeds dekades gelede heilige tekste begin 'hervertolk' om vrouens in die besondere ampte toe te laat. Hulle 'konserwatiewes' (maar wat wel ten gunste van 'die vrou in die amp' is of dit verdra terwille van 'eenheid' en die sogenaamde 'groter vyande' van die Evangelie) baklei nou teen 'hulle' wat ten gunste van homoseksualisme is, of die liggaamlike opstanding van Christus ontken (die 'liberaliste'). Dit sien ons ook baie duidelik in die onlangse stryd in die Church of Scotland, waar 'behoudendes' (ten gunste van die vrou in die amp) nou teenoor die 'liberales' (ten gunste van die homoseksualisme) te staan kom.

Maar in SA, is die 'laaste bastion', die GKSA, die Doppers, nou aan die beurt, so 20 jaar agter, maar vinnig oppad om in te gee teen die feministies-demokratiese aanslag, om ook as't ware meer 'polities korrek' te wees.

Vir die laaste 2 dekades in hierdie kerkverband, is daar al meer teoloë, predikante en lidmate wat heilige tekste 'hervertolk' om in te pas by die 'kerkgaande publiek' se lewensbeskouing (lees: Me. Demos Kratos).

Die gevolge van die 'emansipasie van die vrou' van haar Godgegewe rol om vroulik wees, vrou te wees, moeder te wees, het nou ook al goed deurgewerk, *binne* die kerke. Die vrou is in 2003 en nou weer in 2009 al reeds tot die besondere ampte toegelaat in die GKSA (diakenamp), en in Julie volg heel moontlik die vrou in die amp van predikant en ouderling. Die tydsgees is reg, die besluit moet nou net volg "na jarelange worstelinge met die Skrif", d.w.s worsteling met die Skrif in die lyn van 2 Petr.3:16, oor hoe om die Skrif te buig en te maak inpas by die tydsgees (me. Kratos), met laasgenoemde wat al meer die oorhand kry.

Die groot probleem waarmee ons in die GKSA sit, is dat dit blyk dat ons baie graag "skriftuurlik en belydenisgetrou wil wees", maar, ook "polities-korrek" (wat gewoonlik onder die dekmantel van die 'koninkryksgedagte plaasvind). Ons wil twee here(inne) dien: Christus én om deel te wees van die menseregte demokratiese feministiese nuwe SA bedeling.

Maar die laasgenoemde bousteen (feminisme ook in die kerk) is tans nog 'n effense struikelblok (ten minste in die besluite, nie die harte, van die kerkvolk). Hopelik sal Julie die antwoord gee, en dan sal me. Kratos tevrede wees, ten minste vir 'n rukkie.

**Die Plan tot 'n sorgvrye nuwe SA kerk in diens van die nuwe SA**

Die plan is as volg, lyk dit ten minste vir my, en onthou, dit is net my ei mening (en aangesien ons almal deesdae verskillende menings mag hê, en nogsteeds lief kan wees vir mekaar en 'een kan wees', deel ek graag my mening, met die hoop dat dit ook verdra sal word in liefde soos al die ander menings, en nie weer as 'n 'negende gebod oortreding' geteer en geveer sal word nie):

Stap 1 is, wettig die vrou in al die ampte, dan is dit mooi in lyn met mnr. Cosmos se vereistes (die nuwe SA feministiese bedeling van gelykslagtigheid oppad na 'n androgene mens).

Maar, om die 'eenheid van die GKSA' te probeer bewaar (natuurlik in 'liefde'), stap 2: laat ons die uitvoering van die besluit weereens aan die "vryheid van die kerke" oorlaat … 'n 'kan', nie 'n 'moet' nie, dan is dit mooi in lyn met me. Demos Kratos se (post)moderne bedeling, daar is vir elkeen 'n plekkie in die son, of ten minste in die kerk.

Sodoende sal die staat nie die kerk vervolg nie, want die kerk se beleid is nou in pas met die staat s'n, en die staat kan ook nie die 'ultra-konserwatiewes' wat nogsteeds teen die vrou in die amp is, vervolg nie, want dit is mos in lyn met die 'demokrasie' en die 'postmodernisme' van ons tyd, gun elkeen 'n plekkie.

Daar is net een probleem, mnr. Cosmos en me. Kratos kry nooit genoeg nie, die draak bly honger (Op.12:17):

Wat van die volgende punt op die agenda: homoseksualisme, wat ook een van mnr. Cosmos se vereistes is vir 'n 'goeie' nuwe SA ? Dit is reeds deur die staat gewettig, maar die kerk moet nog bykom (dit is al reeds op die tafel en in die kerklike gesprekke in die NG Kerk).

Die politici in die kerk besef die mense is nog nie reg vir hierdie saak nie, en daarom, gee nog tyd en kans dat mnr. Cosmos en Kratos nog lidmate genoeg beinvloed deur dwaalleraars, politici, medici, sielkundiges, 'kenners', die 'media' (films soos Brokeback Mountain; Milk, ens.), om gewoond te raak daaraan dat homoseksualisme darem nie so erg is nie of netso verdra moet word … daar is mos 'groter krisisse' soos VIGS (ironies genoeg!) en armoede en misdaad is mos baie erger nasionale krisisse as iets wat God as 'n gruwel beskryf ...

Soos met saamwoon, sondagontheiliging, onwettige egskeiding en hertroues, vrou in die besondere ampte, ens., ens, raak die mens, ook die kerkmens, geleidelik gewoond daaraan (onthou die padda in die water wat al warmer word), of maak te minste nie meer golwe daaroor nie. Mislei die kerk, ook die goeie ou skape, indoktrineer hul om te glo dat al waaroor dit eintlik gaan is om 'net' sending en evangelisasie te doen (en die 'eenheid' te bewaar), en nie meer so bekommerd en 'bekrompe' te wees oor die leerstellinge, belydenisskrifte en waarheid nie. Laat die getroue 'ou' lidmate skuldig voel dat hul nooit genoeg 'doen' in God se koninkryk nie, en te veel stry oor 'onbenullige' sake soos vrou in die amp, kelkies, sangboek, ens. Vertel hul heeltyd, vanaf die kansels, storietjies van hoe onbelangrik 'kopkennis' eintlik is, en hoe 'gearriveerd' ons kerke is, en dat ons meer die liefde moet ervaar tussen mekaar …

**Die tienpunt polities-korrekte plan**

En dan, as die lidmate nog minder of so te sê niks van die waarheid weet, nog minder kan onderskei tussen waarheid en dwaling (1 Joh.4:1-6), nog minder van die gereformeerde belydenis, leer en kerkgeskiedenis ken, en na dekades nog meer gewoond aan gay- wees raak na die soveelste TV program wat hul gekyk het oor hoe snaaks en oulik homo's eintlik is (die volk, waaronder seker ook kerkmense is, eis dit al meer, want dit is mos so 'snaaks', soos die Rapport-opskrif dit stel, 2 Mei 2009: "*Egoli-kykers wil meer van Koert se gay pa's hê*", die volk soek al meer die Nataniël's en Evita's van ons ou nuwe SA wat so 'snaaks en onskuldig' is) - dan volg ons maar dieselfde bewuste of onbewuste 10 punt 'politieke korrekte kritiese plan', soos met die vrou in die besondere amp saak:

1. sekere teoloe, predikante en lidmate begin van binne 'opregte eerlike' vrae te vra oor homoseksualisme (soos Blair, die trojaanse perd-strategie; sien die boek "De theologen gaan voorop", oor hoe die liberale teoloë *van binne* die Geref Kerk van Nederland vernietig het),

2. dan is daar 'n baie sterk teen-reaksie van die 'verkramptes, regses, konserwatiewes' ('hate speech'; 'gay bashing', 'liefdeloosheid', ens),

3. sorg dan dat die media daar is (Mnr. Beeld) om dit alles aan die wêreld te vertel, al die 'liefdeloosheid' en 'bekrompheid' van die 'ou doppers', die gereformeerde kerke .. en dan,

4. as die gay standpunt eers verdra word en geakkomodeer word (soos die vrou in die amp saak deur jarelange se propaganda 'verdra' is, al "keur baie dit nie persoonlik goed nie" en is daarteen … maar ons moet mos 'liefdevol' wees') ...

5. dan vra ons vir diepe 'nederige' verdere studie oor die saak want wie van 'ons' het die 'waarheid in pag' en wie durf so arrogant wees om te dink hy het al die antwoorde op hierdie moeilike komplekse saak waaroor daar nou 'menings'verskil is (onthou ons almal glo in die 'onfeilbaarheid' van die Skrif, hierdie is net 'n verskil van interpretasie ...)

6. en dan, stap 6: hierdie 'nederige studies' hou aan … en aan … en aan, ten minste vir solank dit vat om die ouderlinge reg te kry om reg (lees: gay) te stem. As die ouderlinge nog nie reg is nie, dan sorg ons dat die saak op die tafel bly (met die nodige kerkorde voetwerk) TOTDAT hul 'reg' gaan stem.

7. en hoe meer ons studeer, hoe meer 'hervertolk' ons, (en hoe meer wêrelds word die gemeentes), en dan, as ons uiteindelik as 'geliefde broeders' in 'eenheid' saamstem om te verskil, nog 'n 'menings'verskil te hê, nog 'n interpretasie-verskil maar nogsteeds almal gereformeerd is ...

8. dan besluit die sinode dat dit aan die vryheid van die kerke oorgelaat word om gay lidmate net so te aanvaar of nie, en hul in die ampte te bevestig of nie, "volgense elke plaaslike gemeente se eie unieke behoeftes".

9. en dan verenig ons (beide heteroseksuele en homoseksuele broeders), hopelik al feesvierende, teen die volgende 'groter vyand': 'Christus is nie die *enigste* weg tot verlossing nie' (moenie so eng wees met julle verlossingsleer nie) ... of wat ookal mnr. Cosmos en me. Kratos volgende eis van die 'kerk' om te akkomodeer ... om 'polities korrek' te wees.

Wat is dan die volgende stappe ?

10. Maklik, ons begin weer by stap 1 op die weg van politieke korrektheid.

En, waar het dit alles begin ?

Ja, natuurlik in die tuin van Eden: Is dit ook so dat God gesê het ? (Gen.3:1)

Maar, meer onlangs, wanneer die kerk die mens meer vrees as vir God, meer na die wêreld as na God begin luister. Die deformasie begin wanneer ons luister na mnr. Cosmos en me Kratos (Jak.4:1-4) om heilige tekste te 'hervertolk' en as metafories te beskou, in plaas van soos dit nog altyd deur die kerk van Christus geglo en bely is, *contra mundum* (Gen.3:15; Joh.8:47; 1 Joh.2:17).

**Maar, die Woord van God bly tot in ewigheid**

Teenoor mnr. Cosmos en me. Kratos, bly die Woord van God staan tot in ewigheid, en is Jer.5:20-24 en Jer.23:29-32 nogsteeds waar, soos dit geglo word deur die ware kerk, orals waar die Here hulle vergader:

> "[20] *Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter.* [21] *Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is.* [22] *Wee hulle wat helde is om wyn te drink en wakker manne om sterk drank te meng;* [23] *wat vir 'n omkoopgeskenk die skuldige regverdig verklaar en die reg van die regverdige hom ontneem.* [24] *Daarom, soos die vuurtong stoppels verteer en droë gras in die vlam inmekaarsak, so sal hulle wortel soos poeier word en hulle uitspruitsel soos stof opstuiwe; omdat hulle die wet van die HERE van die leërskare verwerp het en die woord van die Heilige van Israel verag het."*

> *"[29] Is my woord nie só, soos 'n vuur, spreek die HERE, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie? [30] Daarom, kyk, Ek het dit teen die profete, spreek die HERE, wat my woorde steel, die een van die ander. [31] Kyk, Ek het dit teen die profete, spreek die HERE, wat hulle eie tong gebruik en sê: Die HERE spreek! [32] Kyk, Ek het dit teen hulle wat leuenagtige drome profeteer, spreek die HERE, en dit rondvertel en my volk verlei met hulle leuens en hulle grootpratery, terwyl Ek hulle nie gestuur en aan hulle geen bevel gegee het nie, en hulle vir hierdie volk hoegenaamd geen voordeel bring nie, spreek die HERE."*

Onthou wat ek gesê het op bladsy 1: daar is ongelukkig goedbedoelde, opregte mense, wat 'opreg' mislei word om hierdie twee agendas (vrou in besondere ampte & gay-agenda) te bevorder, direk of indirek, met die idee dat hul God daardeur eer en dien, en hul naaste help. Tragies en hartseer, maar waar. Dit is egter nie ons ywer, gevoelens of goeie bedoelings wat die waarheid bepaal nie, maar God se Woord deur sy Gees (Rom.10:2), en daarom moet mede-gelowiges juis gewaarsku word teen hierdie politieke korrektheids-ideologie wat die westerse wêreld verslaan het, ook in ons land.

Die ware kerk van Christus het nog altyd net een agenda, en dit is nie 'n politieke, feministiese of demokratiese agenda nie.

Die kerk se agenda is die onfeilbare Woord van God, soos bely word in die gereformeerde belydenisskrifte.

Dit bring ons by die vraag, vir ons hele lewe: wie vrees ons werklik, God of mnr. Cosmos & me. Cratos, by wie wil ons 'korrek' bevind word ?

Ons 'agenda' sal bepaal wie ons waarlik vrees en wie ons werklik dien.

In wie glo ons om ons te beskerm, te versorg en te akkrediteer (ons 'goed te keur', sien 2 Tim.2:15), d.w.s. wie is die belangrikste vir ons, wie se goedKEURing soek ons bo-alles: God en sy Woord, of die mesiaanse staatsidee en sy menseregte-woord ?

By wie wil u 'korrek' bevind word: die drie-enige God wat deur sy Woord en Gees alleen verlos en regeer, of die mens en die wêreld met sy utopiese verlosser, die demokraties-menseregte staatsidee ?

Die Skrif leer ons:

> "Lê jou daarop toe om jou *beproef (aanvaarbaar; goedgekeur; ge-akkrediteer, korrek)* *voor* *God* te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny." - 2 Tim.2:15

En as iemand antwoord: altwee, ons moet deur God en staat 'korrek' bevind word, dan moet u maar, veral in die lig van ons goddelose grondwet en huidige onchristelike bedeling wat ons het, weer Matt.6:24 gaan lees en u keuse maak (Josh.24:15).

> "Die vrees vir die mens span 'n strik; maar hy wat op die HERE vertrou, sal beskut word." - Spr.29:25

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 083 660 1578 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther